**30 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 12:35-48 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Lukas 12:47-48a**

## Wie sy roeping versaak, sal aan God verantwoording doen

Die klem in hierdie gelykenis val op hulle wat weet wat die wil van die Here is. Ook van hulle sal daar eendag rekenskap geëis word.

Die Here Jesus het destyds aan sy dissipels die gelykenis vertel van die diensknegte wat waaksaam en gereed was om hulle eienaar te bedien ... wanneer hy ook al opdaag (12:35-40). Petrus wou egter weet of hulle as dissipels ook by hierdie waarskuwing van die Here ingesluit was. Moes hulle ... die Here se dissipels! ... ook waaksaam wees omdat die moontlikheid bestaan het dat hulle met die wederkoms van die Here nie gereed sou wees nie?

Dan antwoord Jesus hom nie direk nie, maar in sy vertelling van die gelykenis van die bestuurder wat die heer oor sy ander diensknegte aangestel het, antwoord Hy hom wel (12:42-48). Hy sê vir Petrus: Ja. Julle is soos daardie aangestelde dienskneg. Julle ken die wil van die Here. Dié van julle wat met die Here se wederkoms getrou werksaam is in sy diens, sal die Here se seën ontvang. Maar daar mag ook ander diensknegte wees. Dit is hulle wat nie meer hulle roeping getrou uitleef nie. Dit is hulle wat diegene wat onder hulle gestel is, verniel en nie versorg nie. En dit omdat hulle twyfel, omdat dit vir hulle lyk asof Jesus nie weer gaan kom nie. Hulle sal die Here se oordeel ontvang. Letterlik staan daar dat die velle van hulle lywe afgeslaan sal word wat hulle vol bloeiende wonde sal laat.

Agter hierdie woorde hoor ons ’n oproep tot bekering. Eendag sal jy aan God moet rekenskap gee. Hoe het jy jou roeping nagekom daar waar die Here jou gebruik? Jy wat weet wat die wil van jou hemelse Vader is, wat gaan *jy* Hom op daardie dag antwoord?

*Sing: Psalm 25:2, 6*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*